VOETSLAANKLUB STELLENBOSCH

NUUSBRIEF & STAPPROGRAM Julie 2017

1. Algemeen

1.1 Voetslaanklub webwerf: www.stb-voetslaan.co.za
'Facebook': https://www.facebook.com/stellenboschvoetslaanklub

1.2 Bestuur 2017/2018

Voorsitter	Kosie Smit	021 887 2093	073 537 8809	jhs@sun.ac.za
Ondervoorsitter	Linda du Toit		072 1070 213	lindadt@mweb.co.za.
Sekretaresse	Annerè van Pletsen	021 888 9276	072 245 1417	annere@cpcqualicare.co.za
Tesourier	Klaus von Pressentin	021 887 2783	082 689 8102	klausvp51@gmail.com
Addisionele lid	Mina Redelinghuys		083 225 8188	mina.redelinghuys@gmail.com
Addisionele lid	Marthie Swiegers		082 733 2748	marthie.swiegers@outlook.com
Webwerf	Delene Pretorius	021 880 2715	084 654 3888	dp2@sun.ac.za

1.3 Uitstappies: Gee kennis van voorneme om saam te stap

Elke persoon wat van voorneme is om saam te stap, moet asseblief die stapleier op die laatste die Donderdag- of Vrydagaand vóór die stap daarvan in kennis stel. **(verskaf ásb.'n telefoonnommer indien jy 'n e-pos stuur, dankie)**

1.4 Betalings

- **As gevolg van hoë bankkoste, maak waar moontlik eerder van internetbetalings gebruik.**
- Betaling van ledegeld en besprekings vir naweek- en permitstappe moet direk in die klubrekening (Naam: Voetslaanklub Stellenbosch, Bank: Nedbank Stb, Takkode: 107 110, Rek #: 200 540 2354, Tipe: Spaarrekening) gedoen word. **Stuur asseblief 'n bewys van énige betaling aan die tesourier, Klaus, by: klausvp51@gmail.com met duidelike aanwysings van jou naam en waarvoor die inbetaling gedoen is.**
- Kontant kan gebruik word om stapleiers of die tesourier vir dagstappe te betaal.
- Probeer die korrekte bedrae vir petrol- en permitgelde op dagstappe saambring.
- Lede kry voorkeur bo besoekers vir naweek- en langer stappe, maar ná die sluiting van die datum vir betaling geld die voorkeur nie meer nie. **Plekke kan dus nie vir 'n stap gereserveer word vir lede wat nie betaal het voor of op die sperdatum nie.**

1.5 Ledegeld

Ledegeld vir 2017 is **R130.00** per persoon vir die jaar.

1.6 Saamryfooi

Die saamryfooi is **R1.00 per persoon per km**. Bestuurders van motors tydens naweek- en vyfdag-stappe kan by berekening van kostes 'n aanpassing van hierdie fooi oorweeg.

1.7 Nuwe lede

Ons verwelkom **Liande Loubser (Stb), Althea Mulder (Kleinmond), Frederik Stapelberg (Kuilsrivier), Gerhard & Lerienne Roux (Stb), Anmar & Pieter Janse van Rensburg (Stb), Elsa du Toit (Stb), Johanita Passerini (Paarl), Milandre Vlok (Stb) & Jeanette Cilliers (Stb)** wat by die klub aangesluit het. Mag jul die natuur saam met ons geniet & ook wonderlike vriendskappe smee.

[Belangstellendes moet verkieslik éérs 3 stappe saam met klub stap (bloot om hulself te vergewis met die groep en of húl gemaklik voel met die geselskap, uitstappies, ens.) Daarná kan hul aansoek doen om aan te sluit]

1.8 Die volgende Bestuursvergadering

- Gee kennis aan een van die bestuurslede as jy 'n saak op die agenda geplaas wil hê.

1.9 Noodnommers (Bergredding) / Nuttige Kontaknommers:

- WSAR (Wildernis Search & Rescue): 021 937 0300
- Metro Ambulance: 10177
- Cape Nature: 021 483 0190 / 0861 2273 628873 (Kontak bestuurder van reservaat waar stap plaasvind vir spesifieke noodnommer)
- Nasionale sellulêre noodnommer:112
- **Nuwe 24-uur noodnommer vir Gifsentrum (slangbyte, ens.) 0861 555 777**

2. Inligting ten opsigte van al die daguitstappies

Vertrekpunt — By die parkeerarea voor die JS Maraisgebou, Victoriastraat, Stellenbosch; regoor die Konservatorium.

Aanmeldtyd — **NB:** Sien program asseblief.

Klere — Maak voorsiening vir ALLE weersomstandighede. Neem ALTYD warm klere (trui of baadjie), saam. In die winter is dit raadsaam om altyd 'n reënbaadjie in te pak.

Noodhulp — Elkeen bring sy/haar eie noodhulpbenodigdhede. Die stapleier is nie verantwoordelik om pille, salf, pleisters, ens te verskaf nie. **NB: Onthou veral medikasie teen allergieë (bv bysteek, hooikoors, ens.)** Die telefoonnommer van 'n naasbestaande (wat nié die stap meemaak nie en wat bereikbaar is) moet ook aan die stapleier van die dag verskaf word.

Kos, ens — Elkeen voorsien sy eie eetgoed en drinkgoed vir teetyd en middagete, asook voldoende drinkwater (minimum 2 liter).

Donasie — Besoekers: **R30.00**

Vervoer — Vervoer kan moontlik onderling gereël word. Vir elke stap word 'n bedrag voorgestel wat passasiers kan bydra tot die brandstofkoste (sien program).

Indien ander reëlings getref word, sal dit onder die spesifieke stap genoem word.

Gradering van die moeilikheidsgraad van stappe

1	Maklike stap	A	Geen blootstelling aan hoogtes
2	Matig maar vermoeiend	B	Soms klouter op rotse, maar nie moeiliker as om 'n kort leer te klim nie
3	Veeleisende oefening	C	Matige blootstelling aan hoogtes; persone met hoogtevrees moet nie hierdie stappe doen nie
4	Net vir die fikses	D	Baie blootgestel aan hoogtes

Bogenoemde kan in kombinasie die moeilikheidsgraad van 'n stap aandui, bv 2A, 3B of 2D

Permitstappe Wanneer 'n permitstap gedoen word, beteken dit gewoonlik dat net 'n beperkte aantal persone mag stap. Daarom is dit **noodsaaklik dat jy ten minste 'n week vooraf met die aangeduide stapleier moet skakel** om seker te maak dat daar vir jou plek is op die stap (tensy 'n vroeër datum op die program verskyn).

Wanneer 'n persoon plek op 'n permit- of naweekstap bespreek, is hy/sy verantwoordelik vir die koste daarvan, tensy hy/sy iemand anders in sy/haar plek kry. Die verantwoordelikheid ten opsigte van die kostes bly dus by die staplid.

2.1 Gedragskode vir stappers

Dag-, naweek- en langer stappe

- **Maak seker dat die fiksheidsvlak bereik is wat deur 'n spesifieke roete vereis word. Voornemende stappers moet noulettend ag slaan op die moeilikheidsgraad van ’n stap, soos op die program aangedui. Die stapleier mag 'n persoon wegwys indien daar gereken word dat die persoon nie ’n roete sal kan voltooi nie.**
- Die stapleier moet te alle tye gehoorsaam word. Die stapleier stap voor en al die lede agter hom/haar.
- By elke stap sal 'n addisionele stapleier aangewys word wat agter stap.
- Met die oog op die stapgroep se veiligheid mag die stapleier enige tyd 'n persoon se toerusting nagaan. 'n Persoon kan weggewys word indien daar twyfel bestaan of die persoon die groep sal verontrief of in gevaar stel.
- In swak weer, soos mis en reën, moet elke stapper heeltyd bewus wees waar die persoon voor en agter hom/haar stap.
- Moenie rommel strooi nie. Neem 'n plastieksakkie saam om gebruikte snesies in te sit.
- Beskerm en bewaar die natuurlike prag van ons berge deur nie die omgewing te bemors nie. Bly op die voetpaaie en moenie kortpaaie neem nie. Onder geen omstandighede mag plante, bolle, ens. uit bewaringsgebiede verwyder word nie. Neem net foto's en laat net voetspore.
- Gehoorsaam die reëls en regulasies van die betrokke instansies voordat gebiede met beperkte toegang binnegegaan word.
- Wanneer die wandelpad om spesifieke redes verlaat moet word, laat 'n rugsak langs die voetpad sodat dit vir ander sigbaar is.
- Bly in verbinding met die groep; moenie afdwaal nie.
- Tree altyd bedagsaam teenoor mede-stappers op.
- Voetslaan is 'n voorreg: Moet dit nie misbruik nie.

2.2 Addisionele regulasies ten opsigte van naweek- en langer stappe

- **Maak seker dat die fiksheidsvlak bereik is wat deur 'n spesifieke roete vereis word. Voornemende stappers moet noulettend ag slaan op die moeilikheidsgraad van ’n stap, soos op die program aangedui. Die stapleier mag ’n persoon wegwys indien daar gereken word dat die persoon nie ’n roete sal kan voltooi nie.**
- Alle persone wat op naweek- en langer stappe gaan, is verantwoordelik om hulle eie vervoer te reël. Dit is nie die verantwoordelikheid van die staporganiseerder nie.
- Stapleiers kan stapsakke voor 'n stap weeg en 'n stapper vra om die sak ligter te maak indien nodig. Hou die sak so lig moontlik. Volgens Olivier (2003:24) moet 'n volgelaaide sak nooit meer as 'n derde van liggaamsgewig weeg nie. Die ideale gewig is 20% van vroue se liggaamsgewig en 25% van mans se liggaamsgewig.
- Indien die groep groot is, kan dit met die stapleier se goedkeuring in twee opgedeel word. Die stapleier moet dan vir elke groep 'n voor- en agterstapper aandui. Gedurende teetye en middagetes moet die twee groepe bymekaarkom om seker te maak dat niemand afgedwaal het nie.

3. Belangrike kennisgewing i.v.m. ‘Wildcards’

- Daar is heelwat stappe waar die stap en/of bewaringsfooi gespaar kan word indien 'n lid oor 'n ‘Wildcard’ beskik. Doen sommer vandag aansoek vir jou kaart: www.sanparks.org/wild/
- **BAIE BELANGRIK: Dit is die verantwoordelikheid van elke klublid om te sorg dat hul ‘Wildcard’ geldig is VOORDAT hulle vir ’n stap bespreek waarvoor ‘Wildcard’-nommers benodig word. Indien ’n persoon se ‘Wildcard’ nié opbetaal is nie, het die stapleier nié ’n ander keuse as om die volle fooi van die klublid te verhaal nie.**

4. Jaareindfunksie: Saterdag 25 November 2017

'n Afsonderlike kennisgewing sal aan lede versprei word sodra die finale reëlings getref is.

5. Naweek- en langer stappe KLUBLEDE KRY VOORKEUR

5.1 25 Junie – 1 Julie 2017. 'Khomas Hochland’ Wandelpad, Namibië

Bespreking is vir 12 persone gedoen en is reeds volbespreek soos per vroeër kennisgewing.

Reëlings: Klaus von Pressentin: 021 887 2783 / 082 689 8102 (saans) óf e-pos: klausvp51@gmail.com

Aantal	12 persone
Ryafstand	Stellenbosch na Windhoek en terug:
Bydrae tot brandstof koste	Sien punt 1.6 op bl. 1 van die program
Koste	Die totale bedrag is rééds deur al 12 lede betaal en sal dus die kostes van vervoer van bagasie, akkommodasie en aandetes insluit.
Stapafstande en gradering	Reis na Windhoek: 24/25 Junie '17 Die lang afstande vereis 'n sekere vlak van fiksheid, maar die 'slackpacking'-opsie behoort te help dat dit nie te veeleisend is nie. Dag 1: 15 km Begin op Düsternbrook Gasteplaas en volg die Otjiseva-rivier op Otjiseva-plaas, dan berg op tot by oornagplek Gustav Posten Dag 2: 8 km Volg rivierbedding en teen Klippekou Klim opdraende tot by Bobbejaankop Dag 3: 21 km Op en af oor bulte en valleie, deur Lovebird Gorge en tot by oornagkamp onderkant Sundowner Hill. Dag 4: 16 km In Otjompaue vallei tot by Onduno-plaas en weer by dag 2 se kampplek Dag 5: 15 km Bereik hoogte van 2000 m bo seevlak en sien Windhoek in verte. Met lere af teen 'n waterval en eindig by lieflike boomhuis. Dag 6: 14 km Stap van Monte Christo deur Otjiseva terug tot by Düsternbrook Terugreis na RSA: 2 Julie '17

5.2 28 – 30 Julie 2017. Naweekstap: Matroosbergpiek, Ceres (SNEEU?)	
Aantal:	10 persone
Stapkoste	R50 per persoon per dag = R100
Ryafstand	155 km x 2
Bydrae tot brandstof koste	R310.00
Oornagkoste	R77.00 (Vrydagaand) & R85.00 (Saterdagaand0 = R162.00 p/p
Stapafstande	Wisselend (2B – 3C)

As jy lus is om in die sneeu te stap en te slaap én 'n wonderwêreld van ys te beleef - hiérdie is jou kans! Ons beplan om Saterdagoggend, vanaf die Matroosberg Privaat Natuurreservaat aan Ceres se kant van die Matroosberge (1,250 m), te stap na die Matroosbergpiek (2,249 m). Oppad na die piek sal ons verby ski-hutte stap en kans kry om af te kyk op die ongelooflike afgronde van Groothoekkloof. Wanneer ons die piek (hoogste piek in die Boland) bereik, word ons beloon met 'n pragtige uitsig op die Hexvallei. Daarna gaan ons tent opslaan in 'n lekker beskutte area en heerlik kuier met die sneeu hopelik reg rondom ons. Sondagoggend gaan ons die onmiddellike areas verder verken (ons moet darem ten minste 'n sneeuman bou ...) voordat ons weer afstap na die kampterrein. Onthou om jou warmste klere en 'n waterdigte tent in te pak. Kom ons hoop die weer hou en laat ons toe om sneeu in die Boland te ervaar.

Verblyf: Ons vertrek Vrydagmiddag vanaf Stellenbosch en slaap Vrydagaand in ons tentjies op die 'Private' kampterein (warm storte en spoeltoilette beskikbaar; geen elektrisiteit nie). Saterdagaand slaap ons bo-op die berg in ons tente. Onthou dit gaan ysbeertjie-koud wees; wees dus paraat! **ONS IS BAIE AFHANKLIK VAN DIE WEER VIR HIERDIE STAP EN SAL NIE GAAN AS DIE WEER WERKLIK SLEG IS NIE**.

Navrae en besprekings: Louise van der Merwe by 021 880 1875 / 082 492 4293 (na-ure)
Besprekings open op 10 Julie en 'n deposito van 50% (R80.00) word benodig met bespreking – die res v/d bedrag kan betaal word met aankoms.

5.3 1 tot 3 September 2017. Naweekstap: Weskus blomme-stap: Tietiesbaai na Swartriet **<u>Navrae en besprekings</u>: Christine Smit by 021 887 2093 (saans) of e-pos: cs2@sun.ac.za.** **Bespreking is vir 20 persone gedoen en is reeds volbespreek soos per vroeër kennisgewing.**	
Aantal	20 persone
Stap- en oornagkoste	Verblyf by Swartriet Strandhuise. Koste vir die verblyf tydens die naweek beloop nie meer as R500 per persoon nie. (Finale bedrag word bepaal deur die aantal stappers wat meedoen.) Beddegoed word voorsien, maar eie handdoeke (ook strandhanddoeke) moet saamgebring word. **<u>Toegang by Tietiesbaai:</u> R19 per persoon**
Ryafstand	± 170 km x 2
Voorgestelde bydrae tot brandstof koste	Soos met bestuurders onderhandel word.
Stapafstand	± 17 km
Gradering	1A of 2A n.a.v. fiksheid

Die staproete langs die kus spog met rotsagtige strande, kusfynbos en duine, en is veral die moeite werd tydens die lenteblomseisoen. Kyk tydens die stap uit vir ‘n verskeidenheid seevoëls en geniet die ryk seelewe van die rotspoele en sloepe. Die roete begin by Tietiesbaai in die Kaap Columbine-natuurreservaat en eindig by Swartriet.
Stappers vertrek die Vrydagmiddag van Stellenbosch, en twee huise word vir Vrydag- en Saterdagaand by Swartriet bespreek. Stappers kan onderling met mekaar reël vir ‘n luilekker Sondag langs die Weskus, of ‘n verdere stap kan in die omgewing gedoen word. ‘n Besoek aan die Weskus Fossielpark is ook die moeite werd (Sondae oop van 10:00 – 13:00; vir besprekings skakel 022 766 1606).

5.4 23 – 25 September 2017. Naweekstap: Fonteintjiesberg, Worcester	
Aantal	12 persone
Stap- en oornagkoste	**Bergklublede: R20.00 per nag = R40.00** **Nie-Bergklublede: R40.00 per nag = R80.00**
Ryafstand	90 km x 2
Bydrae tot brandstof koste	R180.00
Stapafstande	Wisselend (2B – 3C)

Ons vertrek Saterdagoggend na Fairy Glen Natuurreservaat naby Worcester waar die roete na Thomas-hut (1,395 m) op 445 m begin. Die roete is ‘n lang, maar redelik gemaklike, opdraend. Ons stap verby Lemoendraai en Witteklip vanwaar ons beloon sal word met mooi uitsigte oor die Worcesterkom. Ons slaap twee nagte by Thomas hut en verken die omgewing gedurende die tyd daar. Ons sal ‘n definitiewe poging aanwend om o.a. Brandwagpiek uit te klim. As ons bereid is om vuurmaakhout saam te dra, kan ons selfs kampvuur maak saans. Maandagoggend sal ons terugbeweeg na ons motors en behoort laatmiddag terug te wees in Stellenbosch.

<u>Navrae & besprekings:</u> Louise van der Merwe by 021 880 1875 / 082 492 4293 (na-ure)
Besprekings open op 1 Augustus en betaling moet voor of op 28 Augustus gedoen word.

5.5 6 – 8 Oktober 2017. Naweekstap: Swartberge (Laingsburg omgewing)	
Aantal	20 persone (selfs meer – daar is genoeg kampplek vir almal!
Stap- en oornagkoste	Geen
Ryafstand	274 km x 2 (± 3 uur)
Bydrae tot brandstof koste	R548.00 (Sien ook punt 1.6 op bl. 1 van die program)
Stapafstande	Wisselend (2B – 3C)

Ons vertrek Vrydag van Stellenbosch na die plaas Rouxpos in die Laingsburg distrik waar daar vir die naweek gekamp sal word. Bring dus tente en wat ook al nodig is om die verlangde gemakspeil te handhaaf. Daar is genoeg badkamers dat almal warm sal kan stort. Die mense wat vroeg genoeg opdaag kan op 'n kort wandeling van ongeveer 4km gaan. Daar sal hout en roosters voorsien word vir diegene wat die aand wil braai en daarna sal ons

'n buitelugfilmvertoning hê as die weer saamspeel. Ons sal vroeg die Saterdagoggend Seweweekspoortpiek aanpak. Daar is nie 'n pad nie, dus sal dit goed wees om 'n ligte langbroek aan te trek om te verhoed dat die bosse te veel krap. As daar genoeg belangstelling is, kan ons ook 'n korter stap reël vir diegene wat nie die piek wil aandurf nie. Die aand kan die wat nie flou is nie weer bietjie om die vuur kuier en nog 'n film geniet. Die Sondag sal ons 'n piekniek doen in Buffelspoort en die wat wil, kan die poort verder verken terwyl diegene wie se spiere te seer is net langs die watergat kan lê. Ons behoort teen 15:00 terug te wees sodat almal die terugtog kan aanpak.

Navrae & besprekings: Gerhard Roux by 082 619 8880 (na-ure) óf e-pos: mail@gerhardroux.com
Besprekings open op 27 September.

5.6 10 – 15 Desember 2017. Harkerville en Outeniekwa (Vanaf Diepwalle) – Suid-Kaap

Ons vertrek Sondag oggend 10 Desember vanuit Stellenbosch.
Deel 1: Harkerville: Ons slaap oor by Harkerville hut (fasiliteite: warm en koue water, bunkbeddens met matrasse, braairooster, hout). Die volgende oggend begin ons die Hakervilleroete stap.Hierdie is 'n pragtige roete en na etlike kilometers deur die woud daal ons af na die strand. Dit is egter nie 'n maklike roete nie en persone met hoogtevrees mag dalk probleme ondervind. Na die eerste dag se stap oornag ons by Sinclairhut (fasiliteite: slegs koue water, bunkbeddens met matrasse, braairooster, hout). Die volgende dag voltooi ons die sirkelroete en oornag weer by Harkerville hut.

Deel 2: Outeniekwa: Op 13 Desember het die stappers 'n keuse: Stap die Kranshoek- of Robberg-roete of een van die "Olifantpaaie" in die Outeniekwa (almal dagstappe). Afhangend van ons keuse vertrek ons of die oggend of laatmiddag na Diepwalle en oornag daar. Die hut by Diepwalle het die volgende fasiliteite: warm en koue water, bunkbeddens met matrasse, braairooster en hout. Die volgende oggend begin ons met die laaste twee dae van die Outeniekwaroete. Dit is'n redelike maklike stap deur woude afgewissel met dele fynbos tussenin. Ons oornag op 14 Desember by Fisantehoek (fasiliteite: slegs koue water, bunkbeddens met matrasse, braairooster, hout). Die volgende dag eindig ons weer by Harkerville bosboustasie en oornag hier. Op 16 Desember vertrek ons terug na Stellenbosch.

Getal	Daar is plek vir 12 persone.
Ryafstand	600 km x 2
Stap en verblyfkoste:	Harkerville: Ongeveer R454-00 pp Outeniekwa: Ongeveer R399-00 pp
Betaling van depositos	Harkerville: R228.00 pp Outeniekwa: R200-00 pp
Betaling van oorblywende bedrag	**Betaal voor 1 Oktober:** Harkerville: R130-00 pp (met geldige Wildcard) Harkerville R228-00 pp (sonder Wildcard) Outeniekwa: R105-00 pp (met geldige Wildcard) Outeniekwa: R200-00 pp (sonder Wildcard)

Navrae & besprekings: Linda du Toit per WhatsApp of sms by 072 1070 213 óf e-pos: lindadt@mweb.co.za

6. Dagstappe

6.1 25 Junie – 1 Julie 2017. 'Khomas Hochland' Staproete, Namibië. Sien ook 5.1

6.2 Saterdag 1 Julie 2017. Paarlberg – Paarl

Bespreek by Willie Huggett: 021 876 2490, 083 453 9191 óf e-pos: huggett@netactive.co.za

Ryafstand	32 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R64.00
Stapafstand	± 15 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	2B	Stapleier	Willie Huggett
Aanmeldtyd	07:30	Vertrektyd	07:45

Die glinsterende granietkoepel waaraan die historiese dorp Paarl (wat pêrel beteken) sy naam te danke het, troon uit bo die landskap wes van die Bergrivier. Ons stap 'n gemaklike sirkelroete op Paarlberg. **Die ideale geleentheid vir stappers wat graag bekend wil raak met 'n uitstappie in die berge.**

6.3 Saterdag 8 Julie 2017. Helderberg-Natuurtuin, Somerset-Wes

Bespreek by Marita Gey van Pittius: 021 858 1457 / 082 879 9172 (saans) óf e-pos: maritagvp@mighty.co.za

Ryafstand	23 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R46-00
Stapafstand	± 5 ure se stap	Toegangsgeld	**R20 p/persoon (R10 vir pensionarisse) & R10 per motor**
Gradering	2A	Stapleier	Marita Gey van Pittius
Aanmeldtyd	07:30	Vertrektyd	07:45

Staproete: Groenroete, sg. "Woodies Walk". Pragtige inheemse plantegroei versier die roete en die beloning vir swoeg teen steiltes op is panoramiese uitsigte oor Valsbaai vanaf Hangklip tot Kaappunt. Dit is ook 'n gewilde bestemming vir voëlkykers. Hierdie stap duur ± 5 uur. **Bring 'n ekstra geldjie vir ete-en-drinke in reservaat se kafeteria na die stap.**
.

6.4 Saterdag 15 Julie 2017. Platteklip Gorge, Tafelberg

Bespreek by Annerè van Pletsen: 072 245 1417 óf e-pos: annere@cpcqualicare.co.za

Ryafstand	60 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R120.00
Stapafstand	± 9.5 km (op en af)	Toegangsgeld	**Geen [Kabelkar (af) - R135 p/p]**
Gradering	3B	Stapleier	Annerè van Pletsen
Aanmeldtyd	07:15	Vertrektyd	07:30

'This trail, the route of the original explorers to the top of the Front Table, offers spectacular views all the way to the top with Devil's Peak and Lion's Head flanking the mountain on either side. We marvel at the views over Table Bay, Robben Island, Signal Hill and the City of Cape Town while also admiring the fynbos and the awesome rock face of the gorge. However, there are some pretty high steps (rocks) which can be problematic for those with short legs. At the top of the gorge a short ±15 minute walk takes one to the cableway from where there is an unrivalled panorama in all directions looking down on the beaches of Clifton and Camps Bay and south over the Cape Peninsula and the majestic Twelve Apostles. Time and weather permitting we can include Maclear's Beacon, the highest point on the mountain (1,085 m) That will take another ± 45 minitutes x 2. **Although we intend hiking down as well, there is an alternative to descend by cable car (R135) – 2 groups then.**

Meeting in Stellenbosch as per above time, or at the bottom of Platteklip Gorge, in the car parking close to the water station where the route starts (Tafelberg Road) at 08:15 latest.'

6.5 Saterdag 22 Julie 2017. Tweede Waterval-wandelpad, Jonkershoek

Bespreek by Mientie Holtzhausen: 021 887 1651 (saans), 083 280 1651 óf e-pos: holtzhau@sun.ac.za

Ryafstand	15 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R30.00
Stapafstand	12 km	Toegangsgeld	**R40.00 of géldige Wild Card**
Gradering	2A	Stapleier	Mientie Holtzhausen
Aanmeldtyd	07:15	Vertrektyd	07:30

Ons parkeer ons motors by Witbrug en stap deur die pragtige kloof langs die Eersterivier (mooi trap hier in die nou paadjie!) tot by die Tweede waterval en terug. Hoed en sonskerm noodsaaklik, selfs vir 'n wintersonnetjie.
Bring 'n ekstra geldjie vir ete-en-drinke in die Teetuin by die ingang van die reservaat.

6.6 28 – 30 Julie 2017 Matroosbergpiek, Ceres (SNEEU?) Sien ook 5.2

6.7 Saterdag 5 Augustus 2017. Fernkloof-natuurreservaat, Hermanus

Bespreek by Hans Knoetze: 028 316 3906 / 082 554 1254 óf e-pos: HK1@remgro.com

Ryafstand	100 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R200.00
Stapafstand	10 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	3B	Stapleier	Hans Knoetze
Aanmeldtyd	**06:45**	Vertrektyd	**07:00**

'n Stap van sowat 6 uur in die berge bokant Hermanus met panoramiese uitsigte.**'n Redelike mate van fiksheid word vereis vir hierdie stap.** Die presiese roete sal gekies word na gelang van weersomstandighede op die betrokke dag. Die ontmoetingspunt is by Fernkloof-natuurreservaat.

6.8 Saterdag 12 Augustus 2017. Duiwelspiek (Noordoos van Tafelberg)

Bespreek by Linda du Toit: 072 107 0213 per sms of WhatsApp óf e-pos: lindadt@mweb.co.za

Ryafstand	60 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstof	R120.00
Stapafstand	± 17 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	3B	Stapleier	Linda du Toit
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Ons stap van die Rhodes-gedenkteken af tot by die Blokhuis, wat na die Britse besetting in 1795 opgerig is ter beskerming van die Kaap. Vanaf 1893 tot 1920 is die Blokhuis as 'n tronk gebruik. Die oorblyfsels van die bosbouer, Frank Jarman, se huis wat vanaf 1893 tot 1902 daar gewoon het, is te siene net anderkant die Blokhuis. Ons volg die kontoerpad deur pragtige fynbos tot by Woodstock-grot, waar ons gaan vertoef vir teetyd terwyl ons ons verkyk aan die uitsig oor die Kaapse Vlakte tot by die berge in die verte. Ons stap verder met die boonste kontoerpad al teen die hang van Duiwelspiek tot by Oppel se Kop, vanwaar die hele Tafelbaai voor ons lê. Vandaar stap ons tot by "The Saddle" en dan is dit nog net so 'n hupstoot tot bo-op die kruin (1001 m). Hier vertoef ons vir middagete terwyl ons ons verlustig aan die pragtige uitsig oor berg en see en stad. Ons daal deur die bos-omsoomde Newlands Ravine af tot by die Kontoerpad, en stap terug tot by die Rhodes-gedenkteken.

6.9 Saterdag 19 Augustus 2017. Matoppie (Franschhoek omgewing)

Bespreek by Willie Huggett: 021 876 2490 / 083 453 9191 óf e-pos: huggett@netactive.co.za

Ryafstand	30 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R60.00
Stapafstand	± 12 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	2B	Stapleier	Willie Huggett
Aanmeldtyd	07:15	Vertrektyd	07:30

Ons stap met die kontoerpad rondom die koppie en geniet die pragtige uitsigte oor Franschhoek en die Bergrivervallei. Hierdie stap bied 'n besondere uitsig op die Bergrivierdam.

6.10 Saterdag 26 Augustus 2017. Grabouw 'Country Club'- omgewing

Bespreek by Fay Pistorius: 021 854 5959 / 078 370 2269 (saans) óf e-pos: faypistorius@gmail.com

Ryafstand	60 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R120.00
Stapafstand	± 16 km	Toegangsgeld	**R20.00**
Gradering	2B	Stapleier	Fay Pistorius
Aanmeldtyd	07:15	Vertrektyd	07:30

We park our cars at the entrance to the Elgin/Grabouw Country Club and walk to the Wesselsgat River. We walk up the southern bank of the Wesselsgat River, cross it and then do a short climb before crossing over to the Keeroms River Valley. We walk down this valley, past the Giants Washbasin Waterfall where the brave may swim before returning on the lower contour route that offers beautiful views of the Eikenhof Dam. **To reach our cars we pass the Country Club so bring a little extra money to enjoy a coffee, tee or milkshake and the ambianceof this lovely restaurant.**

(You turn left into Grabouw at the Orchard Farm Stall (next to the N2). Possibly a good place to pick up any hikers not from the Stellenbosch area. From there it is probably about 7 km to the Country Club)

6.11 1 - 3 September 2017. Naweekstap: Weskus blomme-stap: Tietiesbaai na Swartriet Sien ook 5.3

6.12 Saterdag 9 September 2017. Grotto Bay na Silwerstroomstrand, Weskus (Blomme Stap)

Nóg 'n uitstekende geleentheid om blomme te sien!

Bespreek by Cynthia Slattery: 021 882 9442 / 072 246 1902 óf e-pos: slathome@sun.ac.za

Ryafstand	90 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R180.00
Stapafstand	±15 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	2B	Stapleier	Cynthia Slattery
Aanmeldtyd	07:15	Vertrektyd	07:30

Ons ry tot by Silwerstroomstrand, laat van die voertuie daar en ry na Grotto Bay waar ons stap begin. Ons stap meestal op die strand, maar by tye sal ons wegstap van die strand en in die veld tussen die blomme wees. Blomme, veral bokbaaivygies en daisies, is volop en ons kan dalk ook walvisse sien. Middagete sal geniet word by Ganzekraal, 'n vakansie-oord tussen ons twee bestemmings. Die stap is tussen Kaapstad en Yzerfontein net af van die Weskuspad. **Hierdie stap duur byna die hele dag lank.**

6.13 Saterdag 16 September 2017. Muizenberg na Kalkbaai ('Honde-Stap': Welkom om jou hond saam te bring!)

VOLLE BESONDERHEDE VAN DIE STAP SAL ONGELUKKIG EERS LATER BEKEND GEMAAK WORD

6.14 23 - 25 September 2017. Naweekstap: Fonteintjiesberg (Worcester) Sien ook 5.4

6.15 Saterdag 30 September 2017. 'Tranquility Cracks' (Ondergrondse woud) Tafelberg

Bespreek by Alet Louw: 021 461 1649 / 073 689 5752 óf e-pos: alettamail@gmail.com

Ryafstand	65 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R130.00
Stapafstand	± 10 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	3B	Stapleier	Alet Louw
Aanmeldtyd (Stb)	07:00	Vertrektyd	07:15

Ons vertrekom 07h15 uit Stellenbosch en ontmoet mekaar om 08:00 by die hek aan die bo-punt van Theresalaan. Ons stap vanaf die hek by Theresalaan na die pyplyn en volg die pyplyn tot by Corridor. Ons klim op tot bo waar ons die Twaalf Apostelspad na links volg tot by die rug waar ons links draai tot by die versteekte ingang na die skeure. **Indien jy nóg nie daar was nie, wag die sogenaamde gróótste geheim van Tafelberg op jou!** Ons stap af in Woodyravyn tot by die pyplyn en dan terug na die motors. **Vir hierdie stap moét jy bergfiks wees.**

6.16 6 – 8 Oktober 2017 Naweekstap: Swartberge (Laingsberg omgewing) Sien ook 5.5

6.17 Saterdag 14 Oktober 2017. Mont Rochelle na Du Toitskop (Franschhoek omgewing)

Bespreek by Willie Huggett: 021 876 2490 / 083 453 9191 óf e-pos: huggett@netactive.co.za

Ryafstand	34 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R68.00
Stapafstand	±10 km	Toegangsgeld	**R40.00**
Gradering	2B	Stapleier	Willie Huggett
Aanmeldtyd	07:15	Vertrektyd	07:30

Ons stap een van die staproetes in hierdie pragtige omgewing, heel waarskynlik via 'Breakfast Rock' na die Uitkykpunt. Mont Rochelle-natuurreservaat is oos van Franschhoek geleë en beslaan uit 1,728 ha skouspelagtige bergpieke en ruwe klowe met 'n ryke verskeidenheid van fynbosspesies. Die reservaat maak deel uit van die Theewaterskloof-bewaargebied, en wild wat voorheen hier voorgekom het, word nou hervestig.

6.18 Saterdag 21 Oktober 2017. Stellenboschberg (Terug op versoek: verlede semester afgestel weens swak weer)

Bespreek by Klaus von Pressentin: 021 887 2783 / 082 689 8102 (saans) óf e-pos klausvp51@gmail.com

Ryafstand	2 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	Geen
Stapafstand	± 12 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	3B	Stapleier	Klaus von Pressentin
Aanmeldtyd	07:30	Vertrektyd	07:45

LW: Hierdie is 'n redelike 'tawwe' stap en stappers moét 'bergfiks' wees – neem ongeveer 8-9 uur.
Ons stap vanaf DF Malan Sentrum by Coetzenburg op na die kontoerpad wat ons in die rigting van Paradyskloof neem. Bokant die ou Skietbaan gaan ons teen 'n hang van Stellenboschberg uit terwyl die een panorama na die ander voor

ons oë ontvou. Die hele tyd verlustig ons ons aan die fynbos en die uitbundige proteabosse. Op die nek agter Stellenboschberg kry ons 'n besonderse uitsig op Jonkershoek en sy berge. Bo-op die kruin, terwyl ons ons verkyk aan ons mooie dorp wat knus onder in die vallei lê, vertoef ons vir middagete voordat ons die terugtog aanpak al op die rug af tot by Coetzenburg.

6.19 Saterdag 28 Oktober 2017.

VOLLE BESONDERHEDE VAN DIE STAP SAL ONGELUKKIG EERS LATER BEKEND GEMAAK WORD

6.20 Saterdag 4 November 2017. Volmaanstap by Klapmutskop (Delvera plaas op R44)

NB: Dit is 'n middag/aand stap – let asb. op vertrektyd

Bespreek by Mina Redelinghuys: 083 225 8188 (saans) óf e-pos mina.redelinghuys@gmail.com

Ryafstand	13 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R26.00
Stapafstand	9.75 km	Toegangsgeld	**R100** (sluit vervoer op die plaas, stappermit & kaart in)
Gradering	1A of 2A n.a.v. fiksheid	Stapleier	Mina Redelinghuys
Aanmeldtyd	**16:30**	Vertrektyd	**16:45**

Ons stap op die plaas Delvera langs die R44 tussen Stellenbosch en die Paarl. Die roete is sowat 9.75 km lank en maak deel uit van 'n sirkelroete deur die wingerde en die Geelhoutwoud tot bo-op Klapmutskop. Dit neem ongeveer 'n uur om tot bo te stap. Daar kan ons foto's neem, die uitsig bewonder en piekniek hou tot sononder. Die volmaan kan om 19h40 sy verskyning oor die Boland maak. **NB: Kopligte of flitse is noodsaaklik vir die terugstap en onthou 'n warm baadjie.**

6.21 Saterdag 11 November 2017. Hottentots-Holland Natuurreservaat, Grabouw

Hierdie is 'n permitstap vir 12 persone.

Bespreek by Linda du Toit vóór Vrydag 10 November per WatchApp of sms by 072 1070 213 of per epos by lindadt@mweb.co.za

Ryafstand	65 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R130.00
Stapafstand	Ongeveer 15 km	Toegangsgeld	**R40.00 óf geldige Wild Card**
Gradering	2B	Stapleier	Linda du Toit
Aanmeldtyd	07:15	Vertrektyd	07:30

Ons kry permitte by die ingang tot die reservaat – onthou dus jou Wildcard! Ons stap vanaf Nuweberg hut waar ons die motors parkeer na Junction poel waar ons oggend tee kan geniet. Daarna gaan ons rivierlangs tot by Pootjiesglypoel. Indien die rivier baie vol is, volg ons 'n alternatiewe roete. Daarna is dit op met Noordekloof na Pofaddernek waar ons 'n mooi uitsig oor die Overberg het. Met die terugkom kan ons by Triple Jump Falls se poel afkoel – hopelik is dit al warm genoeg in November.

6.22 Saterdag 18 November 2017. Simonsberg

Bespreek by Jaap van Wyk: 021 887 5335 / 084 240 5918 óf e-pos jfvw70@gmail.com

Ryafstand	10 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R20.00
Stapafstand	± 10 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	3C	Stapleier	Jaap van Wyk
Aanmeldtyd	07:15	Vertrektyd	07:30

LW: Moet hiérdie stap liefs nie doen as jy nie 'n goeie mate van fiksheid het nie. Matige blootstelling aan hoogtes; persone met hoogtevrees moet nie hierdie stap doen nie.
Ons stap 'n sirkelroete en begin deur meer aan die suide-kant van die berg in 'n steil klofie op te gaan. Die klim is lank, steil en aanmekaar en volg nie 'n voetpaadjie nie. Wanneer ons bo kom, gaan ons met 'n smal rug na die 1,390m hoë kruin met sy besonderse uitsigte oor Stellenbosch na Valsbaai se kant, oor die Banghoekvallei na Franschhoek se kant, oor die Paarlvallei en die Du Toitskloofberge na Wellington toe, en dan oor die vlaktes na Malmesbury se kant en na Tafelberg. Ons kom van die kruin van die berg feitlik direk af tot ons weer by ons motors kom. Indien die veld baie nat is, sal die direkte roete na bo gevolg word. Staptyd ongeveer 8 uur.

6.23 Saterdag 25 November 2017. Jaareindfunksie (Ons beplan 'n 'balle-rol'-kompetisie by die rolbalbaan met 'n ontbyt. Verdere inligting sal nader aan die tyd beskikbaar gestel word)

6.24 10 – 15 Desember 2017. Harkerville en Outeniekwa (Vanaf Diepwalle) - Suid-Kaap. Sien ook 5.6

VEILIG & VREUGDEVOLLE stappe aan elkeen...
Groete
Annerè

.....